# JAMES READ EN DIE TLHAPING, 1816-1820

**J.T. du Bruyn**
*Universiteit van Suid-Afrika*

**James Read and the Tlhaping, 1816-1820**

In South African historical writing, James Read (1777-1852) is remembered mainly as the "philanthropist" who was responsible for the "Black Circuit"; his missionary aims, work and methods, particularly among the Tlhaping, have been neglected. Read's views on missionary work differed considerably from those of his colleagues. Firstly, his approach to mission was not characterised by an excessive notion of cultural and social superiority, as was the case with his well-known successor, Robert Moffat. Consequently, he did not overtly link conversion to a demand for westernisation. Secondly, Read was convinced that evangelisation should be accompanied by practical work; in sum, the "Bible and the plough" should go together.

This approach permitted Read access to Tlhaping society. He was willing to comply with the requirements of the chiefdom for European technology. He repaired women's hoes, hunted buffaloes for Tlhaping chiefs and gave presents to influential Tlhaping. Moreover, it appears that Read did not openly condemn Tlhaping customs and practices, which made him personally acceptable to the chiefdom. Despite this, the Tlhaping largely rejected Christianity, since this religion proved to be no more functional than their own. They were willing, though, to adopt certain Christian practices when they were compatible with their customs.

Ironically, despite his tolerance, Read contributed to the disruption of Tlhaping society. By 1817, chief Mothibi had become dependent on the missionary, to the extent that he lost his influence as well as the support of some sections of the Tlhaping confederation.

In die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing figureer James Read (1777-1852) grootliks as die "filantroop" wat vir die "Swarte Ommegang" verantwoordelik was; sy sendingoogmerke, -werk en -metodes, en veral sy werksaamhede onder die Tlhaping, het tot dusver min aandag gekry. Read se siening van sendingwerk het aansienlik van dié van sy kollegas verskil. Eerstens is sy sendingopvattings nie deur 'n oordrewe meerderwaardigheidsgevoel gekenmerk nie, in teenstelling met die houding van sy bekende opvolger, Robert Moffat. Gevolglik het hy nie bekering direk aan verwestering gekoppel nie. Tweedens was Read daarvan oortuig dat evangelisasie aan praktiese werk gekoppel moet word – kortom, dat die "Bybel en die ploerg" hand aan hand moet gaan.

Hierdie benadering het Read toegang tot die Tlhaping-samelewing gegee. Hy was bereid om in die Tlhaping se behoeftes aan Europese tegnologie te voorsien. Hy was gewillig om die vrouens se skoffelpikke te herstel, buffels vir Tlhaping-hoofmanne te jag, en geskenke aan invloedryke Tlhaping-individue te gee. Boonop blyk dit dat Read nie openlik die Tlhaping se gewoontes en gebruike veroordeel het nie, wat meegebring het dat hy persoonlik vir die stam aanvaarbaar was. Nietemin het die Tlhaping grootliks die Christelike godsdiens verwerp, aangesien dit geblyk het dat hierdie godsdiens nie meer funksioneel as hul eie was nie. Hulle was egter bereid om sekere Christelike gebruike aan te neem indien dit verenigbaar met hul eie gewoontes was.

Ten spyte van sy verdraagsaamheid het Read, ironies genoeg, tot die ontwrigting van die Tlhaping-samelewing bygedra. Teen 1817 het die opperhoof so afhanklik van hierdie sendeling geword dat sy invloed begin kwyn en hy die steun van sommige seksies van die Tlhaping-konfederasie verloor het.

James Read die oue (1777-1852) en Johannes van der Kemp was nog altyd omstrede en ongewilde persoonlikhede in die Afrikaanse geskiedskrywing. In byna al die Afrikaanse algemene geskiedeniswerke figureer hulle feitlik uitsluitlik as "filantrope" wat in 1812 vir die "Swarte Ommegang" verantwoordelik was, en word hul optrede deurgaans vanuit die

Afrikanergrensboere se gesigspunt beoordeel. So skryf F.A. van Jaarsveld byvoorbeeld: "Die blanke boere was van mening dat die sendelinge van veral die Londense Sendinggenootskap, soos eerw. Read en dr. Van der Kemp, 'n filantropiese Hollander in Britse diens, die Hottentotte daar anti-blank maak, hulle nie hande-arbeid leer nie en uit diens hou. Die sendelinge was van mening dat Bethelsdorp hulle van mishandeling en onderdrukking deur die blankes beskerm."[1] Die oorbeklemtoning van die vyandigheid tussen Read en Van der Kemp en die grensboere het daartoe gelei dat hierdie twee invloedryke sendelinge se sendingwerk, -metodes en invloed op inheemse gemeenskappe nog nie behoorlik in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing na waarde geskat is nie.

Daar is egter aanduidings dat die rol van Read en Van der Kemp in die vroeë Suid-Afrikaanse geskiedenis tans herwaardeer word. In 'n onlangse, omvattende biografie oor Van der Kemp het I.H. Enklaar veral hierdie omstrede sendeling se vroeë loopbaan, sy indrukwekkende veelsydigheid en volgehoue veldtog om die lot van die ontwortelde Khoikhoi te verbeter, beklemtoon, maar tog nagelaat om die reaksie van die gemeenskappe met wie Van der Kemp in aanraking gekom het, voldoende te belig. Die Khoikhoi en Xhosa wat "bekeer" moes word, bly te veel in Van der Kemp se skadu.[2]

Oor James Read, Van der Kemp se jong, minder "intellektuele" kollega, het daar tot dusver, vreemd genoeg, nog nie 'n biografie verskyn nie. In 'n herwaardering van Read wat in 1976 verskyn het, verdedig Christopher Saunders hierdie omstrede sendeling teen sy kritici en bestempel hom as 'n vroeë radikaal: "As a white missionary who both believed in social equality and practised it in his day-to-day life, he was, in the context of his time and place, a radical, and is therefore a figure no future historian of radicalism in South Africa should ignore."[3] Of Read werklik as 'n radikaal bestempel kan word, is 'n ope vraag, maar dat sy sendingoogmerke en -metodes ingrypend van dié van sy kollegas verskil het, is ongetwyfeld waar. Tog is sy sendingwerk tot dusver nie behoorlik na waarde geskat nie, en is sy arbeid onder die Suid-Tswana, veral die Tlhaping, grootliks verwaarloos. Saunders verwys slegs na Read se sendingwerk onder die Tlhaping, terwyl Donovan Williams 'n paragraaf daaraan wy.[4]

Aan die begin van die negentiende eeu het die Suid-Tswana en blankes toenemend met mekaar in aanraking gekom. Veral die Tlhaping het die kontak verwelkom, want hulle het Europeërs as moontlike voorsieners van vuurwapens, ammunisie en ander handelsware gesien. Die Kaapse owerheid was veral in die Tlhaping se veetroppe geïnteresseerd, terwyl die sendinggenootskappe die uitgestrekte Tswana-gebied as 'n baie belowende sendingveld gesien het. Reeds gedurende die tydperk 1801-1806 het die Suid-Afrikaanse Sen-

1. F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd 1652-1966* (Johannesburg, 1971), pp. 32-33.
2. I.H. Enklaar, *Life and Work of Dr J.Th. van der Kemp 1747-1811: Missionary Pioneer and Protagonist of Racial Equality in South Africa* (Kaapstad en Rotterdam, 1988). William M. Freund het egter reeds in 1973 Van der Kemp se rol in die Kaapse geskiedenis in 'n insiggeende artikel hervertolk: "The Career of Johannes Theodorus van der Kemp and his Role in the History of South Africa", *Tijdschrift voor Geschiedenis*, vol 86, 1973, pp. 376-390. 'n Studie waarin spesifiek aandag gegee word aan die invloed van Van der Kemp se sendingwerk is Janet Hodgson, "Do we hear you Nyengwa? Dr J.T. Vanderkemp and the First Mission to the Xhosa", *Religion in Southern Africa*, vol 5, no 1, Januarie 1984, pp. 3-47.
3. C. Saunders, "James Read: Towards a Reassessment", *The Societies of Southern Africa in the 19th and 20th centuries*, vol 7, Institute of Commonwealth Studies, University of London, 1977, p. 23; C. Saunders, "James Read: A Man of Conscience", *South African Outlook*, Maart 1976, vol 110, no 1258.
4. Saunders, "James Read: Towards a Reassessment", pp. 20-21; D. Williams, "James Read", in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel I (Kaapstad, 1968), p. 697.

dinggenootskap in medewerking met die Londense Sendinggenootskap (LSG) twee pioniersendelinge, Jan Matthijs Kok, 'n Afrikaanse boer van gemengde afkoms, en William Edwards gestuur om sendingwerk onder die Tlhaping te doen. Die opperhoof, Molehabangwe, het die sendelinge verwelkom, want in daardie stadium is die Tlhaping gereeld deur berede roofbendes wat met vuurwapens toegerus was, aangeval. Hy het die twee sendelinge dus toenemend as beskermers, moontlike verskaffers van vuurwapens en handelaars gesien. Molehabangwe het die sendelinge se kennis van landbou en smeedwerk, en hul jag- en veral handelsbedrywighede verwelkom, maar hul godsdiens verwerp. Om die Tlhaping se guns te wen, het Kok en Edwards hul sendingwerk nou aan sekulêre dienste gekoppel – 'n praktyk wat Read ook sou volg. Teen 1806 het die eerste sendingpoging egter tot 'n einde gekom. Kok is om die lewe gebring en Edwards het in onguns by die LSG geraak. Boonop was daar sterk aanduidings dat die twee sendelinge meer tyd aan hul jag- en handelsbedrywighede as die sendingwerk bestee het.[5] Daar sou eers weer ná John Campbell se bekende inspeksietog in die Suid-Afrikaanse binneland van 1812-1813 gepoog word om sendingwerk onder die Tlhaping te hervat.

Die LSG het in April 1812 een van sy direkteure, John Campbell, afgevaardig om die genootskap se sendingstasies in suidelike Alfrika te inspekteer en die moontlikheid vir die stigting van nuwe stasies te ondersoek. Sy sendingywer is veral aangevuur deur die moontlikhede wat sendingwerk onder die Tlhaping by hul hoofnedersetting, "Lattakoo" of Dithakong, ingehou het. Hy het trouens die Dithakong-omgewing as een van die belangrikste sendingvelde in Suid-Afrika geag, aangesien die meeste omliggende stamme ook Tswanasprekend was.[6]

Tydens Campbell se ontmoeting in Julie 1813 met Mothibi, Molehabangwe se seun en opvolger, het die opperhoof veral praktiese besware teen sendingwerk geopper. Die Tlhaping het nie tyd gehad om na die sendelinge te luister nie, want hulle moes daagliks na hul vee omsien en die landerye bewerk. Bowendien sou die denkbeelde wat die sendelinge wou verkondig, teen hul tradisionele godsdiens en gebruike indruis. Insiggewend genoeg het Mothibi nie beswaar daarteen gehad as die sendelinge op 'n afstand vanaf Dithakong sou gaan woon nie; hy sou dan sy kinders na die sendelinge stuur om Hollands aan te leer. Die opperhoof se voorstel toon dat hy die sendelinge byderhand wou hê om die Tlhaping met Europese kundigheid by te staan. Die feit dat hy begerig was dat sy kinders Hollands moes ken, dui op Mothibi se strewe om nouer betrekkinge met die Kaapkolonie te handhaaf.

Soos te verwagte, het Campbell probeer om Mothibi gerus te stel. Hy het beklemtoon dat die sendelinge nie die Tlhaping uit die werk sou hou nie; hy het juis van 'n land gekom waar die mense hardwerkend was, soos die verskeidenheid gebruiksartikels in die geselskap se besit getuig het. Verder het hy die opperhoof die versekering gegee dat die sendelinge hulle nie met die stampolitiek sou bemoei nie en dat slegs dié Tlhaping onderrig sou word wat gewillig sou wees om na die sendelinge te luister.[7] Daarop het Mothibi na bewering sy veel geroemde woorde gespreek: "Stuur sendelinge; ek sal vir hulle 'n vader wees."[8]

Kort daarna het die LSG voorbereidings begin tref om Mothibi se "uitnodiging", soos hulle

J. du Bruyn, "Die Tlhaping en die Eerste Sendelinge, 1801-1806", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, no 14, Nov 1982, pp. 8-34.

6. Archives of the London Missionary Society, SOAS, London: LMS SA Incoming Correspondence 5/2/D, J. Campbell – J. Hardcastle, 24.7.1813.

Vir meer besonderhede oor die onderhandelings tussen Mothibi en Campbell kyk J. Campbell *Travels in South Africa*, vol II (London, 1822), pp. 207-209; J.T. du Bruyn, "Aanvangsjare van die Christelike Sending onder die Tlhaping" (Ongep. MA-verhandeling, Unisa, 1980), pp. 91-93.

8. LMS SA Incoming Correspondence 5/2/D, Campbell – Hardcastle, 24.7.1813; J. Campbell, *Travels in South Africa*, p. 209.

dit gesien het, te aanvaar. In Februarie 1815 het John Evans, Robert Hamilton, George Barker en Joseph Williams na Suid-Afrika vertrek om sendingwerk in die Dithakong-omgewing te gaan doen. Die direkteure het intussen James Read van Bethelsdorp van die koms van die nuwe sendelinge verwittig en hom versoek om die leiding in die vestiging van die sendelinge onder die Tlhaping te neem. Hy moes ook poog om die dienste van assistent-sendelinge, onder meer Cupido Kakkerlak van Bethelsdorp en Jan Hendrik van Griekwastad, te bekom om hom by te staan.[9] Van die vier sendelinge het slegs twee, John Evans en Robert Hamilton, uiteindelik na Dithakong vertrek.

Dit was uit die staanspoor duidelik dat Campbell te veel waarde aan Mothibi se woorde geheg het, soos dit uit die eerste ontmoeting tussen hom en die twee nuwe sendelinge in Februarie 1816 geblyk het. Die opperhoof het die onderwerp vermy waaroor Hamilton en Evans eintlik wou praat en Adam Kok, wat as tolk opgetree het, onmiddellik na die handelsware uitgevra wat die sendelinge saamgebring het. Toe Mothibi verneem dat die sendelinge die Christelike godsdiens wou verkondig, was hy baie teleurgesteld en het verskeie hoofmanne hulle sterk teen die voorgenome vestiging van sendelinge uitgespreek. Dit is opvallend dat Mothibi deurgaans in die sendelinge se sekulêre dienste en tegniese kennis geïnteresseerd was, maar wou voorkom dat hulle met die verspreiding van die Christelike godsdiens en Europese gebruike die Tlhaping-samelewing sou ontwrig. Hy het byvoorbeeld voorgestel dat die sendelinge hom teen aanvalle moes beskerm. Toe hy boonop verneem dat Hamilton 'n bedrewe skrynwerker was en dat Read, wat hom later by die twee sendelinge sou voeg, smeedwerk kon doen, was hy redelik geneë om die sendelinge te ontvang. Maar baie van sy volgelinge het hulle daarteen verset.[10]

Op 21 Februarie 1816 het 'n groep Tlhaping voor Mothibi se huis vergader om beswaar teen die voorgenome vestiging van die sendelinge te maak. Toe die opperhoof besef dat hy sterk teenkanting gaan ondervind, het hy hom ook teen die sendelinge uitgespreek: "As the people say I say too, you must not come and dwell among us – you may reside at the Krooman [Kuruman] for to traffic with us in Ivory, skins and other articles; like Edwards and Kok did – you must not teach the people."[11] Trouens, Mothibi het ontken dat hy ooit ingestem het om sendelinge te ontvang wat sou onderrig en preek. Hy het selfs sy goeie betrekkinge met die Griekwas op die spel geplaas en gedreig dat die Tlhaping sou wegtrek indien Adam Kok druk op hulle sou uitoefen om sendelinge te ontvang. Die Tlhaping-leier was ook met sy volgelinge se optrede ontevrede en het hulle verwyt dat hulle nie tydens Campbell se besoek besware teen die koms van sendelinge geopper het nie; eers toe hy vertrek het, het hulle die opperhoof gekritiseer. Daarom moes hulle nou hul mening lug. Die Tlhaping het hul standpunt ondubbelsinnig gestel: "Weg met daardie Hollanders [Blankes]."[12] Mothibi het hom daarmee vereenselwig.

Dit is opvallend dat Mothibi dieselfde beleid as sy vader gevolg het. Hy wou voordeel uit die sendelinge se teenwoordigheid trek, maar wou hulle terselfdertyd op 'n afstand hou sodat hulle nie die Tlhaping se tradisionele leefwyse kon ontwrig nie. Die Tlhaping-leier het toenemend besef dat sy mense nie sonder vuurwapens en Westerse kundigheid in die Kaapse noordgrensstreek sou kon oorleef nie. Maar onder die ouer garde en die Maidi-seksie onder Mahumoapelo was daar heftige teenkanting teen die sendelinge se oogmerke, want hulle het

9. LMS SA Incoming Correspondence 6/1/A: Directors – J. Read, 6.1.1815.
10. LMS SA Incoming Correspondence 6/3/C: R. Hamilton – J. Campbell, 24.4.1816; J. Evans – Directors, 27.5.1816.
11. LMS SA Incoming Correspondence 6/3/C: Evans – Directors, 27.5.1816.
12. LMS SA Incoming Correspondence 6/3/C: Hamilton – Campbell, 28.4.1816; Evans – Directors, 27.5.1816. Kyk ook R. Moffat, *Missionary Labours and Scenes in Southern Africa* (London, 1842), pp. 228-232.

besef dat sendingwerk ook sosiale verandering sou meebring. 'n Tlhaping-man het byvoorbeeld verklaar dat die sendelinge sy stam se leefwyse sou verander, net soos hulle dié van die Griekwas ontwrig het. Die mense in Griekwastad het eers karosse gedra, maar moes op aandrang van die sendelinge Westerse klere dra; hulle het eers twee vrouens gehad, maar is verplig om slegs een vrou te trou.[13] Mothibi het die moeilike taak gehad om die Tlhaping se behoefte aan Europese kundigheid en bande met die Kaapkolonie met hul vrees vir sosiale ontwrigting te versoen.

Na twee mislukte besoeke aan Dithakong het Hamilton en Evans dit oorweeg om tou op te gooi. Op 18 Oktober 1816 het James Read egter by Griekwastad opgedaag om die leiding in die vestiging van die sendelinge onder die Tlhaping oor te neem. Hy het beoog om onmiddellik weer na Dithakong te vertrek. Indien die Tlhaping opnuut die sendelinge wegstuur, sou hy 'n sendingstasie aan die Kurumanrivier gaan oprig. Read se ywer en optimisme was aansteeklik: Hamilton het opnuut vir sendingwerk onder die Tlhaping kans gesien. Die twee sendelinge het ooreengekom dat Read solank die aanvoorwerk vir nog 'n besoek aan Dithakong moes doen, terwyl Hamilton sy boeke en voorrade in die Kaap sou gaan haal.[14] Evans het egter nie sy kollegas se sendingywer gedeel nie en het besluit om die sending onder die Tlhaping op te sê.[15] Read en Hamilton het alleen oorgebly om die grondslag vir die LSG se sendingwerk onder die Tswana te lê. Read sou binne vier jaar baie vermag; Hamilton sou vir die volgende 36 jaar onder die Suid-Tswana werksaam wees.

## 2

James Read was teen 1816 'n omstrede figuur in die Suid-Afrikaanse samelewing. Van 1808 af het hy gereeld die beweerde mishandeling van die Khoikhoi in sy briewe rugbaar gemaak en hom sodoende die onmin van die blankes en die Kaapse owerheid op die hals gehaal. Boonop het hy in 'n samelewing wat oor die algemeen afwysend teenoor bloedvermenging gestaan het, die ongewone stap gedoen om in 1803 met 'n Khoikhoi-vrou, Sarah, te trou.[16] Johannes van der Kemp het in hierdie verband soos volg aan 'n familielid berig: "If marrying a rich wife can act as a temptation for proving unfaithful to a calling, then my dear Brother Read will, so I hope, by the grace of God, be preserved from it; he has fixed his choice on a young Hottentot girl, the inventory of whose earthly possessions are two sheepskins and a string of beads to ornament her body."[17]

Read se ervaring in Bethelsdorp, waar hy hom grootliks in die skadu van Van der Kemp bevind het, het by hom bepaalde sendingdenkbeelde laat posvat wat in baie opsigte van dié van sy tydgenote verskil het.[18] In die eerste plek het hy sy sendingtaak nie met 'n oordrewe meerderwaardigheidsgevoel aangepak nie. Dit was nie Read se oogmerk om die Europese leefwyse op swartes of "heidene" af te dwing nie; sendingwerk het vir hom nie noodwendig

---

13. LMS SA Journals 2/55: R. Hamilton, 26.9.1816.
14. LMS SA Journals 2/55: Hamilton, 18.10.1816, 21.10.1816, 22.10.1816.
15. LMS SA Incoming Correspondence 6/4/C: J. Evans – S.W. Tracey, 7.11.1816; LMS SA Journals 2/55: Hamilton, 25.11.1816.
16. Vir kort lewensbeskrywings van Read kyk C. Saunders, "James Read: A Man of Conscience", *South African Outlook*, vol 110, no 1258, March 1976, pp. 38–40; D. Williams, "James Read", in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel I (Kaapstad, 1968), pp. 696–698; J. Sibree, *A Register of Missionaries, Deputations, etc. from 1796 to 1923* (London, 1923), p. 4.
17. LMS SA Incoming Correspondence Box 2: Van der Kemp – Cousin, 6.4.1803, aangehaal deur Freund, "The Career of Johannes Theodorus van der Kemp", p. 381.
18. Vir besprekings van Van der Kemp en Read se werksaamhede by Bethelsdorp kyk D.K. Clinton, *The South African Melting Pot: A Vindication of Missionary Policy, 1799–1836* (London, 1937); J. Sales, *Mission Stations and the Coloured Communities of the Eastern Cape 1800–1852* (Cape Town, 1975).

beteken dat die Khoikhoi en Tlhaping oornag hul tradisionele leefwyse moes afsweer nie. In hierdie verband het hy hom oënskynlik met Van der Kemp se standpunt vereenselwig, wat volgens Erasmus Smit gesê het: "I never wish to see them [Khoikhoi] better dressed than in their greasy karosses, all civilisation is from the Divil [*sic*]."[19] Op die keper beskou, kom dié uitspraak daarop neer dat 'n algehele kultuurverandering en verwestering nie sonder meer 'n voorvereiste vir kerstening is nie – 'n siening wat deur missioloë in die twintigste eeu feitlik algemeen aanvaar word.[20]

In die tweede plek was Read van mening dat praktiese werk en sendingwerk hand aan hand gaan. Kort voordat hy na die Tlhaping vertrek het, was hy behulpsaam met die vestiging van die Christelike sending onder die San by Renosterfontein. Hy het hom soos volg uitgelaat oor die wyse waarop sendingwerk in Afrika aangepak behoort te word: "We take a plough with us. Let it be remembered that in Africa the *Bible and the plough go together.*"[21] Dit is ook die wyse waarop hy sendingwerk onder die Tlhaping sou benader.

Read se kollega, Robert Hamilton, was een van daardie sendelinge wat stilweg in die agtergrond gewerk, terwyl hul kollegas die toneel oorheers het. As skrynwerker kon hy nuttige, praktiese werk doen, terwyl Read hoofsaaklik die belangrikste beslissings geneem het.[22]

Die twee sendelinge is bygestaan deur twee hulppredikers of evangeliste, Cupido Kakkerlak en Jan Hendrik. Cupido was 'n Khoikhoi van Bethelsdorp wat Campbell in 1813 op sy reis na die Tlhaping vergesel het; gevolglik was hy reeds met hierdie stam vertroud. Hy was egter uit die staanspoor vir 'n ander sendingveld bestem en was sedert 1816 onder die Kora werksaam. Jan Hendrik was 'n Griekwa wat ook in 1813 'n lid van die Campbell-geselskap was. Na die eerste mislukte sendingpogings was dit hy wat agter die skerms voortgegaan het om die Tlhaping te probeer oorreed om die sendelinge te aanvaar.[23]

Read het hom weinig aan die vroeë teleurstellende besoeke aan Dithakong gesteur en eenvoudig op 28 Desember 1816 met 'n groot gevolg en nege waens by die Tlhaping-nedersetting opgedaag. Soos te verwagte, het Mothibi sy ou besware teen sendelinge herhaal en bygevoeg dat die Tlhaping baie van blankes verskil en daarom nie Europese norme, gebruike en kleredrag kon aanvaar nie. Die opperhoof het daarop die sendelinge se vermoëns aan 'n taamlik strawwe toets onderwerp: hy sou in die sendelinge glo indien hulle daarin kon slaag om sy vader, Molehabangwe, uit die dood op te wek. Read het hierdie opdrag omseil en beklemtoon dat die sendelinge hulle nie met die Tlhaping se politieke sake sou bemoei nie. Dit is opvallend dat Read in sy onderhandelings met Mothibi nie die verkondiging van die evangelie vooropgestel of 'n drastiese verandering in die Tlhaping-samelewing in die vooruitsig gestel het nie. Ooreenkomstig sy Bybel-en-ploeg-opvatting het Read 'n aspek van sy voorgenome werksaamhede beklemtoon waarin die opperhoof eintlik geïnteresseerd was: hy het verskeie artikels saamgebring wat Mothibi en sy mense "gelukkig" sou maak.

Dit het die gewenste uitwerking gehad. Mothibi het ingestem dat die Read-geselskap maar kon uitspan, maar het beklemtoon dat hy en sy volgelinge nooit Christene sou word of van hul gebruike sou afsien nie. Hy het ook voorgestel dat die sendelinge ongeveer twee kilometer

---

19. F.A. Steytler (ed.), "Minutes of the First Conference held by the African Missionaries at Graaff Reinet in August 1814", *Hertzog-Annale*, jaarboek III, vol 5, no 8, Desember 1956, p. 110.
20. Kyk in hierdie verband onder meer G.M. Setiloane, *The Image of God among the Sotho-Tswana* (Rotterdam, 1976) en D.J. Bosch, *Het Evangelie in Afrikaans Gewaad* (Kampen, 1974).
21. *LMS Report of the Directors 1817*, p. 28. Read of die direkteure se kursivering.
22. J. Sibree, *A Register of Missionaries*, p. 11.
23. I. Schapera (ed.), *Apprenticeship at Kuruman being the Journals and Letters of Robert and Mary Moffat 1820–1828* (London, 1951), pp. 18 (voetnoot), 87 (voetnoot); V.C. Malherbe, "The Life and Times of Cupido Kakkerlak", *Journal of African History*, vol 20, no 3, 1979, pp. 365-378.

buite die nedersetting moes gaan woon – 'n aanduiding dat hy enige nadelige uitwerking op die Tlhaping-samelewing wou voorkom. Aangesien die opperhoof nie daarop aangedring het nie, het die Read-geselskap besluit om hulle naby 'n groot kameeldoring te gaan vestig – skaars 'n honderd tree van Mothibi se huis af. Read het sy tent onder hierdie boom gaan opslaan, omdat baie stamlede daar skuiling teen die son gesoek het. Hy het gereken dat daar altyd 'n groep mense sou wees wat hy kon bearbei.[24]

Daar het uit die staanspoor 'n goeie verhouding tussen Mothibi en Read bestaan. Die opperhoof het feitlik daagliks saam met die sendeling geëet en Read het in sy briewe na Mothibi as sy "vriend" verwys. Hierdie goeie verstandhouding kan grootliks aan Read se insig toegeskryf word. Hy het nie noodwendig begrip vir die Tlhaping-gebruike gehad nie, maar het nietemin besef dat die Tlhaping nie oornag hul tradisionele leefwyse sou opsê nie. Gevolglik het hy in sy gesprekke met Mothibi nie hul gebruike veroordeel nie.[25] Mothibi se optrede is waarskynlik beïnvloed deur die handelsartikels wat Read saamgebring het. Tog was hy versigtig en het nie Read se dienste bygewoon nie; hy het die Tlhaping aangeraai om sy voorbeeld te volg.[26] Dié optrede hou verband met sy standpunt dat die Tlhaping nooit Christene sou word nie.

Read se geselskap is aanvanklik hartlik ontvang, want na hul aankoms het dit goed in die Dithakong-omgewing begin reën. Vir die Tlhaping was dit 'n teken dat Modimo of God met die sendelinge was; gevolglik was hulle bereid om die geselskap in hul midde te duld.[27] Mettertyd het die teenkanting teen die sendelinge egter begin deurskemer en het dit duidelik geword dat die Tlhaping-samelewing oor hierdie vraagstuk verdeeld was. Namate Read die opperhoof se vertroue gewen het, het veral die ouer garde en die Maidi-seksie onder Mahumoapelo hulle sterk teen die sendelinge uitgespreek. Hulle het gedreig om die nedersetting te verlaat en op 'n afstand, weg van die opperhoof en die sendelinge af, te gaan woon.[28] Mothibi was naderhand verplig om 'n stamvergadering of *pitso* te belê om die sendelingvraagstuk te bespreek.

Die *pitso* is op 6 Januarie 1816 gehou. Tydens die verrigtinge is uiteenlopende menings oor die sendelinge gelug. 'n Ou hoofman het volgens Read verklaar dat "there was no Sovereign at Lattakoo, that every thing was permitted that never had been permitted by their forefathers, that what the Missionaries said was idle talk yes falsities, that if Matibi [Mothibi] suffered Missionaries to come here that his government was ruined, that the Bootchuanas had too many customs etc. to listen to the word of God, that the old Men's hearts were cleaved to young women, that Matibi sought the destruction of his people, that his people would all leave him . . .". Mothibi het geantwoord dat die sendelinge nie die stam se ondergang wou bewerkstellig nie, maar hul welvaart wou bevorder. Verskeie hoofmanne het met hom saamgestem, maar aanbeveel dat Mothibi die sendelinge moes oorreed om die Tlhaping op 'n veldtog teen die Ngwaketse, 'n Tswanastam noord van die Tlhaping, te vergesel. Ook Mahumoapelo, die invloedryke Maidi-leier, was van mening dat die sendelinge as handelaars onder die Tlhaping

---

24. LMS SA Incoming Correspondence 8/2/B: J. Read, A short account of the commencement, progress, and present state of the Mission at new Lattakoo, with some remarks, 12.7.1820; LMS SA Journals 3/61: Read, 28.12.1816.
25. Kyk byvoorbeeld LMS SA Incoming Correspondence 7/1/C: Read – Hardcastle, 15.3.1817; Kaapse Argiefbewaarplek (KA) 1/GR 10/35 Letters from Adam Kok, Capt. A. Waterboer and Griqua papers, 1816–1836: Read – Stockenstrom, 11.6.1817.
26. LMS SA Incoming Correspondence 8/2/B: Read, A Short Account, 12.7.1820.
27. LMS SA Incoming Correspondence 7/1/C: Read – Hardcastle, 15.3.1817; A.J. Dachs, "Functional Aspects of Religious Conversion among the Sotho-Tswana", in M.F.C. Bourdillon (ed.), *Christianity South of the Zambezi*, vol II (Gwelo, 1977).
28. LMS SA Journals 3/64: Read, 2.1.1817; South African Museum, Cape Town, Andrew Smith Papers: Book 4, Africa, vol I: Batlapi, p. 281.

moes woon en hulle met vuurwapens tydens veldtogte moes steun.[29]

Dit is opvallend dat sowel die voor- as teenstanders van die sendelinge die materiële voordele beklemtoon het wat die teenwoordigheid van die Read-geselskap vir die Tlhaping ingehou het. Die teenstanders was egter hoegenaamd nie vir die verkondiging van die Christelike godsdiens te vinde nie, terwyl Mothibi, sy broer Molala en verskeie hoofmanne bereid was om die sendelinge se werksaamhede ter wille van sekulêre voordele te verduur. Voorts blyk dit dat die teenkanting teen die sendelinge ook gespruit het uit die vrees dat hulle oor die Tlhaping sou baasspeel. Die teenstanders het na die Christelike sending op Griekwastad verwys, waar die sendelinge groot politieke invloed gehad het.[30] Daar was selfs gerugte dat die sendelinge die Tlhaping wou "beskaaf" en daarna na die Kaap wegvoer.[31]

Read is egter nie deur die Tlhaping se teenkanting ontmoedig nie en het onmiddellik geskenke begin uitdeel om die invloedrykste mense se guns te probeer wen. Pas na sy aankoms het hy reeds die direkteure versoek om aan Mothibi 'n geweer, donker sakdoeke en blou en swart krale te stuur.[32] Intussen het Read 'n sakhorlosie aan die opperhoof oorhandig. Mothibi het die horlosie teruggegee, want, het hy verklaar, die Tlhaping is nie so oor tyd begaan nie; die ketting het hy gehou.[33] Die sendeling het ook gepoog om die weerbarstige Mahumoapelo se guns te wen deur krale, 'n spieël en 'n mes aan hom te oorhandig.[34] In Maart 1817 het Mothibi van Read die geskenk ontvang wat hy jare lank baie graag wou hê: 'n geweer. Die opperhoof was oorstelp: "... lett them now come, lett them now Talk, I have now got what my forefathers never had, the news will be through the city immediately and all will come to see this great present and will be convinced of your sincerity ..."[35]

Die sendeling se beleid om geskenke uit te deel, was fyn berekend. Hy het besef dat die Tlhaping uitsluitlik in die materiële dienste geïnteresseerd was wat hy as Europeër kon lewer; gevolglik was hy bereid om hierdie funksie te vervul ten einde toegang tot die stam te verkry. Boonop het Read geweet dat die opperhoof baie graag vuurwapens wou bekom en het dus in 'n geringe mate in hierdie behoefte voorsien. Sodoende het hy Mothibi se vertroue gewen en gevolglik sy posisie in die stam versterk. Mothibi het die sendelinge nodig gehad; daarom kon die sendelinge die teenkanting teen hulle oorleef.

Ondertussen het Read gepoog om die evangelie te verkondig. Tydens Robert Hamilton se besoek aan die Kaap het Read, bygestaan deur Jan Hendrik, probeer om daagliks twee dienste te hou. Die Tlhaping het egter weinig belangstelling in die Christelike boodskap getoon – die geskenke ten spyt. Mothibi het Read gewoonlik vroeg in sy tent besoek om saam met hom ontbyt te nuttig. Sodra die sendeling egter aanstaltes begin maak het om met 'n diens te begin, het die opperhoof 'n verskoning uitgedink en hom uit die voete gemaak.[36] Enkele hoofmanne het die dienste bygewoon, maar die meeste Tlhaping was egter te bang, aangesien die opperhoof nog nie amptelike toestemming gegee het nie. Om dieselfde rede het die kinders ook nie die dagskool bygewoon nie.[37]

29. LMS SA Journals 3/64: Read, 6.1.1817. Dit is Read se weergawe aan die direkteure van die LSG; gevolglik bestaan die moontlikheid dat hy die steun vir sendelinge oordryf het.
30. LMS SA Journals 3/64: Read, 10.1.1817.
31. LMS SA Incoming Correspondence 8/2/B: Read, A Short Account, 12.7.1820.
32. LMS SA Journals 3/61: Read, naskrif.
33. LMS SA Journals 3/64: Read, 6.1.1816; LMS SA Incoming Correspondence 8/2/B: Read, A Short Account, 12.7.1820.
34. LMS SA Journals 3/64: Read, 4.1.1817.
35. LMS SA Journals 3/64: Read, 8.3.1817; LMS SA Incoming Correspondence 8/2/B: Read, A Short Account, 12.7.1820.
36. LMS SA Journals 3/64: Read, 20.1.1817, 22.2.1817.
37. LMS SA Journals 3/64: Read, 10.1.1817, 17.1.1817, 22.2.1817; LMS SA Incoming Correspondence 8/2/B: Read, A Short Account, 12.7.1817.

Vir die enkele stamlede wat af en toe wel die dienste bygewoon het, moes dit taamlik moeilik gewees het om die preke te volg. Die boodskap wat Read en sy hulpprediker verkondig het, het ingrypend van die Tlhaping se tradisionele opvattings verskil. Die teksverse wat vir preke gekies is, handel onder meer oor die Laaste Oordeel en Noag se val; die feit dat slegs die Christelike God saligheid kan bied en geen ander godheid nie,[38] die skyn van die goddelose se geluk,[39] en die lot van diegene wat hulle teen die Christelike boodskap verhard.[40] Die boodskap wat dus by sommige Tlhaping moes uitgekom het, is dat hulle die verkeerde god dien, en dat hulle nie werklik gelukkig was nie en moes verander. Indien hulle met hul leefwyse volhard, sou hulle gestraf word.

Getrou aan sy opvatting dat die Bybel deur die ploeg vergesel behoort te word, het Read baie tyd aan praktiese werk bestee. Pas na sy aankoms het hy verskeie gewasse, soos koring, kool, rape, uie en waatlemoene, geplant. Die Tlhaping het gou 'n voorliefde vir brood ontwikkel en Read het gehoop dat hy hul vertroue sou wen indien hy die stam van meel kon voorsien.[41] Hierbenewens het hy buffels laat jag en die belangrikste Tlhaping-leiers van vleis voorsien.[42] Dit was egter veral Read se werksaamhede as smid wat tot sy gewildheid onder die stam gelei het. In die eerste jaar het die sendeling byvoorbeeld meer as 60 skoffelpikke vir die Tlhaping-vrouens herstel.[43] 'n Mens kan aanvaar dat veral die vrouens bereid sou wees om die sendeling se godsdiensbedrywighede te verdra, aangesien hy hulle daaglikse arbeid vergemaklik het. Read se sekulêre dienste en gunste het sy aansien by individuele stamlede verhoog, maar die samelewing het voortgegaan om tradisionele gebruike te onderhou. Trouens, hulle het van die sendelinge verwag om sekere tradisionele voorskrifte na te kom.

Terwyl Read gesukkel het om mense te vind wat bereid was om na die Christelike boodskap te luister, het die *dingaka tsa morafe* of stamdokters steeds die middelpunt van die stam se religieuse lewe gevorm.[44] Die reënmaker het veral 'n belangrike rol gespeel, aangesien die stam se welvaart van sy bekwaamheid afgehang het. Read het gou uitgevind dat die reënmaker groot invloed en selfs meer aansien as die sendeling self geniet het. Een Sondag het die vrouens, wat gawes vir die reënmaker ingesamel het, so hard gesing dat Read sy godsdiensoefening moes staak. Mahuto, Mothibi se invloedryke vrou, was trouens baie teleurgesteld toe die sendeling nie tabak aan die reënmaker wou afstaan nie.[45] Die reënmaker het kennelik besef dat hy met Read se invloed rekening moes hou. Toe die sendeling hom byvoorbeeld vra waarom hy nie altyd daarin slaag om reën te maak nie, het hy 'n antwoord verstrek wat reg in die raamwerk van Read se boodskap ingepas het: hoewel hy oor die middele beskik om reën te maak, kon hy niks sonder God se bystand vermag nie.[46] Nadat dit goed gereën het, het die Tlhaping geskenke vir die reënmaker versamel, maar ook die sendelinge vir hul gebede bedank. Hulle het dankbaar verklaar dat dit sedert die sendelinge se koms goed gereën het.[47] Die Tlhaping het dus nie sonder meer tradisionele gebruike vir nuwes versaak nie. Hulle het die nuwe godsdiens ook nie uit die staanspoor verwerp nie, aangesien dit in daardie stadium 'n aanvullende funksie in die stamlewe vervul het.

38. Jesaja 45: 19-25; Handelinge 4:12.
39. Psalm 37.
40. Jesaja 46: 12-13. Read het die teksverse in sy dagboek aangeteken: LMS SA Journals 3/64.
41. LMS SA Incoming Correspondence 8/2/B: Read, A Short Account, 12.7.1817; LMS SA Journals 3/64: Read, 31.1.1817.
42. LMS SA Journals 3/64: Read, 20.1.1817, 23.1.1817.
43. LMS SA Journals 3/64: Read, 14.3.1817.
44. LMS SA Journals 3/64: Read, 6.1.1817.
45. LMS SA Journals 3/64: Read, 19.1.1817.
46. LMS SA Journals 3/64: Read, 21.1.1817.
47. LMS SA Journals 3/64: Read, 23.1.1817.

Hoewel die Tlhaping Read en sy geselskap duidelik laat verstaan het dat hulle nie voornemens was om hul leefwyse oornag te verander nie, het die sendelinge en evangeliste onverpoosd voortgegaan om die evangelie te verkondig. In Februarie 1817 het Read besluit om 'n huis te bou wat ook as kerk sou dien. Nadat die woning op 14 Maart voltooi is, het baie stamlede dit vol bewondering gaan besigtig. Mahuto was só met die vierkantige huis beïndruk dat sy Read versoek het om vir haar 'n soortgelyke woning te bou.[48] Voorlopig sou egter niks hiervan tereg kom nie. Die Tlhaping het rusteloos begin word en planne beraam om weer 'n veldtog te onderneem.

Mothibi het in die geheim voorbereidings getref om 'n rooftog op die Kwena, 'n Tswanastam wat noord van die Tlhaping gewoon het, uit te voer. Toe die opperhoof Read skaam oor die plan ingelig het, het hy as verskoning aangevoer dat die Kwena tevore die Tlhaping se vee geroof het. Read het, betekenisvol genoeg, die veldtog nie sonder meer verdoem nie. Hy het verklaar dat Mothibi kon optree soos hy dit goed ag, aangesien hy immers die opperhoof was; die sendeling kon egter nie die voorgenome rooftog goedkeur nie. Mothibi het daarop sy gesin en die hele nedersetting in Read se sorg gelaat en op 31 Maart vertrek. Tydens die mans se afwesigheid het die vrouens die godsdiensoefeninge gereeld bygewoon, waarskynlik omdat die sendelinge ook vir die welsyn van die Tlhaping-krygers gebid het.

Op 21 April 1817 het berigte Dithakong begin bereik dat die Tlhaping-mag 'n neerlaag gely het. Mahuto het Read versoek om 'n wa te stuur om Mothibi te gaan haal, maar Mothibi het kort daarna uitgeput per os in die nedersetting aangekom. Dié krisis het in 'n hoë mate die Christelike sending tot voordeel gestrek, want die Tlhaping moes noodgedwonge hul toevlug tot die sendelinge neem. Die terugslag was so groot dat die opperhoof bykomende steun benodig het om die voortbestaan van die stam te verseker.[49] Terwyl Read die opperhoof se beseerde been en voet verbind het, het Mothibi dramaties en taamlik emosioneel (volgens Read se weergawe, altans) sy trou aan die sendeling beloof: "... he said a near escape of his life, which deliverance he considered to be a consequence of the progress of the Missionaries he had never come to resolution before, but now said that he should cling to us, and should follow us where we chose to go."[50] Die moontlikheid bestaan natuurlik dat Read die opperhoof se afhanklikheid van die sendeling oordryf het om die direkteure van die LSG te beïndruk, maar latere gebeure toon dat hy die situasie reg opgesom het.

Hierdie uitspraak het Read aangemoedig om weer die verskuiwing van die Tlhaping-nedersetting na die Kurumanrivier te berde te bring. Pas na sy aankoms het Read reeds die opperhoof oor sy houding jeens die moontlike verskuiwing van Dithakong gepols. Mothibi het verklaar dat hy gewillig was om te trek, maar dat baie van sy volgelinge daarteen gekant was.[51] Daarna het Read hom tot Mahuto gewend, aangesien sy baie invloedryk was en daar beweer is dat sy eintlik die Tlhaping regeer. Sy was baie ingenome met die voorstel en het selfs aangebied om met 'n groep vrouens die sendeling met die landbou te help.[52] Of Mahuto se invloed die finale deurslag gegee het, is onbekend. Nietemin, op 4 Junie het Read, Hamilton (wat op 26 April vanuit die Kaap na Dithakong teruggekeer het), Mothibi en verskeie hoofmanne na die Kurumanrivier vertrek om 'n geskikte plek vir 'n nuwe nedersetting te gaan uitsoek.[53]

Mothibi se besluit om die sendelinge na Maruping aan die Kurumanrivier te volg, het hef-

48. LMS SA Journals 3/64: Read, 28.1.1817, 14.3.1817.
49. LMS SA Journals 3/64: Read, 30.3.1817, 31.3.1817; LMS SA Incoming Correspondence 7/2/A: Read – Burder, 20.5.1817.
50. LMS SA Incoming Correspondence 7/2/A: Read – Burder, 20.5.1817.
51. LMS SA Journals 3/64: Read, 13.1.1817.
52. LMS SA Journals 3/64: Read, 11.2.1817.
53. LMS SA Incoming Correspondence 8/2/B: Read, A Short Account, 12.7.1820.

tige reaksie by baie van sy volgelinge uitgelok. Toe hy na drie dae na Dithakong teruggekeer het, het hulle hom met verskeie beskuldigings ingewag. Feitlik al die hoofmanne het verklaar dat hulle nie amptelik oor die voorgenome verskuiwing ingelig is nie. Soos te verwagte het die Maidi onder Mahumoapelo hulle ook heftig teen die verskuiwing verset. Mothibi het ter verdediging aangevoer dat hy voornemens was om 'n stamvergadering te belê, maar dat twee belangrike leiers, Mahumoapelo en Maklak, in daardie stadium afwesig was.[54]

Dat Mothibi so 'n ingrypende besluit sonder die goedkeuring of medewete van al die Tlhaping-leiers geneem het, was 'n kortsigtige stap. Dit wil voorkom asof sy behoefte aan die sendelinge se sekulêre dienste groter was as sy plig om stameenheid te bewaar. Tydens 'n stamvergadering wat vroeg in Junie 1817 gehou is, het die opperhoof volgens Read sy steun openlik aan die sendelinge toegesê. Hy het verklaar dat hy Read sou volg, waar hy ook al heen sou gaan. Mothibi was nie bang dat Read sy gesag sou aantas nie; inteendeel, die opperhoof het verklaar dat dié sendeling meer onderdanigheid as die Tlhaping-hoofmanne getoon het. Hy het nie daarop aangedring dat die Maidi hom moes volg nie, maar het tog die Phuduhutswana, 'n ander Tlhaping-seksie, gedreig indien hulle sou weier om saam met hom te trek.[55] Die Maidi het besluit om in Dithakong, of Ou Dithakong soos hierdie dorp ná Junie 1817 bekend sou staan, agter te bly.

Mothibi se verhuising is 'n ingrypende gebeurtenis in die Tlhaping se geskiedenis, aangesien dit die verdeeldheid en onenigheid in die stam beklemtoon het. Dit het die einde beteken van die konfederasie wat onder Molehabangwe soveel voorspoed beleef en talle aanslae oorleef het. Bowenal het die teenstand teen die verhuising getoon dat die Tlhaping-gemeenskap verdeeld was oor die verandering wat die aanraking met die Christelike godsdiens meegebring het. Dit wil voorkom asof baie van die Tlhaping se wrewel nie soseer teen die sendelinge gemik was nie, maar teen Mothibi wat nie langer daarin kon slaag om sy gesag te laat geld nie. Waar Molehabangwe daarin kon slaag om die eerste sendelinge op 'n afstand te hou, het Mothibi Read-hulle toegelaat om in die Tlhaping se midde te woon. Meer nog: hy het hulle gevolg. Die geskiedenis wat dus hier volg, is die geskiedenis van dié wat die sendelinge gevolg het. Read en Hamilton het hoofsaaklik oor hierdie mense verslag gedoen; die res van die Tlhaping het ongesiens voortgegaan om hul tradisionele godsdienstige gebruike te beoefen.

Die vestiging van die nuwe nedersetting het vinnig gevorder en teen die begin van Augustus 1817 is daar reeds tydelike huise en krale opgerig. Read en Hamilton is dié keer toegelaat om hul huise skaars 300 tree van Mothibi se woning af te bou. Hamilton het onmiddellik begin om 'n leivoor uit die Kurumanrivier te grawe; dit moes die sendelinge en die Tlhaping se landerye van water voorsien. Teen September 1817 het die sendelinge reeds gesaai.[56]

Teen die einde van 1817 het die LSG-sendelinge dus daarin geslaag om 'n vastrapplek onder 'n gedeelte van die Tlhaping te kry. Read het soos volg hieroor geskryf: "The Mission was considered now as established and Matibi incouraged [*sic*] his people at least by his example to attend the means of Grace. Several began to speak of what they felt in their hearts . . . Many in speaking seemed to be convinced of the necessity of a new heart..."[57] Om die Tlhaping van die "noodsaaklikheid van 'n nuwe hart" te oortuig, het Read dieselfde metodes gebruik as dié wat hy in Dithakong gevolg het. Daar is daagliks twee dienste gehou en kategese is een keer per week waargeneem. Die sendelinge het ook 'n dagskool georganiseer waar die vraag-

54. LMS SA Incoming Correspondence 7/2/A: Read – Burder, 20.5.1817.
55. LMS SA Incoming Correspondence 7/2/D: Read – Burder, 20.5.1817.
56. LMS SA Incoming Correspondence 7/2/D: Read – Burder, 5.9.1817.
57. LMS SA Incoming Correspondence 8/2/B: Read, A Short Account, 12.7.1817.

en-antwoord-metode toegepas is. Verder is gepoog om die evangelie aan die omliggende nedersettings en besoekers te verkondig.[58]

Read het voortgegaan om die verkondiging van die Christelike godsdiens aan geskenke en gunste te koppel. Hy het onder meer krale onder Mothibi, sommige hoofmanne en besoekers uitgedeel, die opperhoof se landerye jaarliks geploeg, voedsel aan behoeftiges afgestaan en sy wa en osse tot die Tlhaping se beskikking gestel om hout te gaan haal. Daarby het Read die siekes gedokter en die Tlhaping taamlik verbaas deur nie onderskeid tussen ryk en arm te tref nie. Wat egter steeds die meeste bewondering by die stam afgedwing het, was Read se vermoë om nuwe skoffelpikke te maak en oues te herstel.[59] 'n Mens kan aanvaar dat Read se smeedwerk soveel voordele vir die landbou ingehou het, dat sy dienste mettertyd onmisbaar geword het.

In Februarie 1818 het die sendelinge begin om 'n kerk van pale, klei en gras te bou wat ongeveer 300 mense kon huisves. Op 1 Augustus is die gebou feestelik ingewy. Read het Mothibi twee dae tevore gevra om die Tlhaping oor die feestelikheid in te lig en by te voeg dat 'n os geslag sou word. Baie Tlhaping het die verrigtinge bygewoon. Hulle het duidelik die osbraai geniet. Hamilton het begryp waarom so baie die inwydingsdiens bygewoon het en die volgende in sy dagboek aangeteken: "They all enjoyed it much. I believe more than the sermon."[60]

Dit wil dus voorkom asof die Christelike sending teen 1818 aansienlike vordering gemaak het. Die sendelinge is toegelaat om 'n kerk te bou en die Tlhaping het selfs hul rooftoge laat vaar. Volgens die sendelinge het sommiges die Sabbat probeer onderhou en 'n begrip van God, Jesus, die hemel en hel begin vorm.[61] Hieroor was die sendelinge uiteraard verheug en veral Read het die direkteure van die LSG op die hoogte van veranderings in die Tlhaping-samelewing gehou. Die sendelinge het hierdie veranderings verkeerdelik as 'n bereidwilligheid vertolk om die Christelike godsdiens te aanvaar. Hulle het kennelik besef dat Mothibi baie in hul sekulêre bedrywighede geïnteresseerd was, maar het nie werklik ingesien nie dat die opperhoof die Christelike godsdiens slegs geduld het omdat Read ook bereid was om die vrouens se skoffelpikke te herstel en Hamilton gewillig was om 'n leivoor te grawe. Die Tlhaping se verdraagsaamheid het nie beteken dat die stam sy tradisionele gebruike versaak het nie. En 'n mens kry ook nie die indruk dat die sendelinge daarop aangedring het nie.

Terwyl die sendelinge met hul evangelisasiewerk besig was, het die Tlhaping die *bogwera* of inlywingseremonie vir seuns gehou – 'n tradisionele gebruik wat oor die algemeen die meeste sendelinge ontstig, maar in hierdie geval bloot tot 'n neutrale inskrywing in Hamilton se dagboek gelei het.[62] Ondertussen het die reënmaker ook sterker teenstand teen die sendelinge gebied. Hy het oënskynlik begin besef dat die sendelinge 'n houvas op die stam kon kry; daarom het hy hulle en die Westerse gebruike vir die droogte verantwoordelik gehou. Die reënmaker het byvoorbeeld aangevoer dat die sendelinge die reën verdryf deurdat hulle 'n sweep gebruik en hul klere gewas het.[63]

Hoewel die Tlhaping die Christelike godsdiens nie sonder meer aanvaar het nie, het hulle dit tog moontlik gevind om die "nuwe gebruike" by hul tradisionele leefwyse aan te pas. In die praktyk het dit daarop neergekom dat die stam bloot aanvullende gebruike aanvaar het.

58. LMS John Campbell's Manuscripts 1817-1821 8/3A: Mission at Lattakoo; LMS SA Incoming Correspondence 8/2/B: Read, A Short Account, 12.7.1820.
59. LMS SA Incoming Correspondence 8/2/B: Read, A Short Account, 12.7.1820.
60. LMS SA Journals 3/68: Hamilton, 1.8.1818.
61. LMS SA Incoming Correspondence 8/2/B: Read, A Short Account, 12.7.1820; 7/4/D: Hamilton – Burder, 9.7.1818.
62. LMS SA Journals 3/68: Hamilton, 28.1.1819.
63. LMS SA Journals 3/68: Hamilton, 7.11.1818, 15.11.1818.

Enkele voorbeelde behoort die verskynsel beter toe te lig. Tydens die fees van die eerste vrugte (*go loma thotse*: "om die pampoen te byt of hap") wat in Januarie 1818 gehou is, het baie Tlhaping een Sondag kerk toe gegaan. Vir hulle was dit 'n dankdag, omdat Mothibi van die eerste waatlemoene geëet en sodoende toestemming gegee het dat die ondergeskikte hoofmanne en Tlhaping kon oes.[64] Die Tlhaping het die kerkdiens dus bloot as 'n voortsetting van die tradisionele fees gesien. Streng gesproke het hulle die Christelike godsdiens in diens van 'n tradisionele gebruik gestel. Tydens die begrafnis van 'n Tlhaping-vrou wat deur weerlig getref is, is die oue en die nuwe ook met mekaar versoen. Die vrou is tradisioneel vir die graf voorberei: die Tlhaping het die grond met assegaaie gesteek, bossies gebrand sodat die rook die wolke kon bereik en daarna die liggaam met water gewas. Eers daarna kon Read die vrou volgens Christelike gebruike begrawe.[65] Ook Mothibi het gereken dat 'n kombinasie van ou gewoontes en Christelike gebruike meer resultate behoort te lewer. Terwyl hy siek was, is hy deur twee tradisionele dokters sowel as die sendelinge gedokter. Nadat hy herstel het, het hy die twee dokters se medisyne geloof en ook die sendelinge vir hul gebede en medisyne bedank.[66] Wat verbasend is, is dat Read en Hamilton nie hierdie praktyke veroordeel het nie. Hulle het in hierdie verband 'n verdraagsaamheid vertoon wat by die meeste negentiende-eeuse sendelinge ontbreek het.

Terwyl Read en Hamilton hulle beywer het om die Christelike godsdiens onder die Tlhaping te vestig, was daar teen 1820 gerugte oor Read se vroeë persoonlike lewe in omloop. Dit het onder George Thom, wat in Kaapstad as die LSG se agent opgetree het, se aandag gekom dat Read tydens sy verblyf in Bethelsdorp 'n onaanvaarbare lewe gelei het. Thom was alreeds van mening dat Read se huwelik met 'n Khoikhoi-vrou sonde was. Toe Read dus boonop bely het dat hy in 1816 'n kind by Sabina, die dogter van Andries Pretorius, wat 'n vooraanstaande ouderling in Bethelsdorp was, verwek het, het die LSG besluit om hierdie omstrede sendeling se bedrywighede te ondersoek.[67] Teen 1819 was John Campbell juis vir 'n tweede besoek na Suid-Afrika onderweg om die LSG se sendingstasies te inspekteer. Hy en John Philip sou ook aan Read se beweerde misstap aandag skenk.

Campbell en Philip het aanvanklik Thom se mening oor Read gedeel. In die amptelike verslag aan die direkteure was hulle taamlik onvleiend oor sy bekwaamheid as sendeling: "While poor Read was writing home to Europe that the Bible and the plough must go together in South Africa, Dr. van der Kemp's books were lying rotting on the ground, in a corner of an old house that was overflowed with water by every shower of rain." Read is ook van effekbejag beskuldig: "Read seems to be wholly destitute of prospective views, and to have studied nothing but what is called effect; and it must be acknowledged that he had some skill in the use of this dangerous weapon . . . A man may be excused for being a little sanguine, and expecting a great return where he had bestowed much labour; but all the letters of Read that we have seen since our arrival in Africa, and other things of a similar complexion, show that he expected a crop where he had neither sown nor bestowed labour."[68]

Dit is dus duidelik dat Philip en Campbell aanvanklik geensins deur Read se vermoëns beïndruk is nie en weinig waarde aan sy sendingmetodes geheg het. Namate Campbell vir Read op sy binnelandse reis beter leer ken en met hom beraadslaag het, het hy egter 'n

64. LMS SA Journals 3/68: Hamilton, 24.1.1819.
65. LMS SA Journals 3/68: Hamilton, 26.12.1818.
66. J. Campbell, *Travels in South Africa*, vol II, p. 209.
67. J. Sales, *Mission Stations and the Coloured Communities*, p. 57; J. Campbell, Diary of Travels in South Africa, 1818-1821, vol I, p. 227.
68. D. Moodie, Specimens of the Authentic Records of the Cape of Good Hope, p. 22, aangehaal deur J. du Plessis, *A History of Christian Missions in South Africa* (Cape Town, 1965), pp. 140-141.

gunstiger beeld van dié man en sy werk gekry. In Maart 1820 het hy aan Philip geskryf dat hy nie anders kon as om meegevoel met Read te hê nie.[69] Sy verslag oor die stand van sendingwerk in Nuwe Dithakong is ook baie gunstiger en meer objektief as dié oor Read se werksaamhede in Bethelsdorp. Waar Read se Bybel-en-ploeg-idee volgens Philip en Campbell onder die Khoikhoi misluk het, het dit onder die Tlhaping vrugte afgewerp. Campbell het byvoorbgeeld in April 1820 aan Philip berig dat die Tlhaping baie arbeidsaam geword en hul landerye ywerig bewerk het. Volgens hom het daar ook "gunstiger" veranderings in die samelewing ingetree: veerooftogte is beëindig en niemand is tereggestel nie, aangesien hulle geleer het om meer waarde aan menselewens te heg. Campbell was egter minder deur die stand van die sendingwerk self beïndruk en het die swak vordering gewyt aan die sendelinge se onvermoë om Tswana aan te leer.[70] Campbell het waarskynlik nie besef dat die Tlhaping meer in die sendelinge se sekulêre dienste as die Christelike godsdiens geïnteresseerd was nie. Dit is gevolglik twyfelagtig of 'n beter kennis van Tswana tot groter welslae in Read se sendingwerk sou gelei het.

Read se verlede het hom egter ingehaal. In Julie 1820 het Philip hom verplig om Campbell na die Kaap te vergesel en na Bethelsdorp terug te keer.[71] Toe die Tlhaping hiervan verneem, het hulle heftig beswaar gemaak en onmiddellik opgehou om die dienste by te woon. Die Tlhaping het Read as hul "vader" bestempel: hulle het gedreig dat indien hy weggaan, hulle geen ander blanke in hul midde sou toelaat nie. Hulle sou wegtrek en hulle naby die Hurutshe gaan vestig, sodat hulle aan blankes kon ontkom.[72] Mothibi het veral beklemtoon dat Read die Tlhaping goed behandel het. Hy het die stam se leef- en denkwyse verstaan. Toe daar byvoorbeeld van Read se skape weggeraak het, het hy Mothibi genoeg tyd gegun om die saak op te los, want hy het besef dat die Tlhaping sulke sake langsaam ondersoek het. Boonop het hy nie die Tlhaping se kinders geslaan nie.[73]

## 3

Van al die sendelinge wat onder die Tlhaping gewerk het, was James Read ongetwyfeld die gewildste en suksesvolste. Dit kan aan twee redes toegeskryf word: eerstens sy metode om sendingwerk aan praktiese werk, gunste en geskenke te koppel; en tweedens sy verdraagsame houding jeens die Tlhaping se leefwyse.

Read se Bybel-en-ploeg-beleid het gedurende 1816-1820 aanklank by die Tlhaping gevind: hulle het veral 'n behoefte aan die "ploeg" gehad. Read was versiende genoeg om die stam se behoefte aan Westerse lewensmiddele en kundigheid te benut om die Bybel aan hulle bekend te stel. Trouens, dit is te betwyfel of die Tlhaping hom in hul midde sou toegelaat het indien hy net die evangelie wou verkondig. Hy is hoofsaaklik geduld omdat hy funksioneel was.[74] Read se opvolger, Robert Moffat wat Campbell vergesel het, het later wel sy voorganger se omkoopbeleid veroordeel,[75] maar Read se metode het resultate gelewer: hy was die eerste sendeling

69. LMS SA Incoming Correspondence 8/2/A: Campbell – Philip, 20.3.1820.
70. LMS SA Incoming Correspondence 8/2/B: Campbell – Philip, 8.4.1820; LMS John Campbell's Manuscripts 1817-1821 8/3A: Mission at Lattakoo.
71. Saunders, "James Read: A Man of Conscience", p. 39; LMS SA Journals 3/75: Hamilton, 25.7.1820.
72. LMS SA Incoming Correspondence 8/2/D: Hamilton – Burder, 10.7.1820; Hamilton – Burder, 31.8.1820.
73. British Parliamentary Papers 1835 (50), *Papers Relative to the Condition and Treatment of the Native Inhabitants of Southern Africa* ..., Part I: Captain Stockenstrom's Report, 13.9.1820, p. 132.
74. Kyk in hierdie verband Dachs, "Functional Aspects of Religious Conversion among the Sotho-Tswana", pp. 147-158.
75. Schapera (ed.), *Apprenticeship at Kuruman*, p. 9.

wat toegelaat is om tussen die Tlhaping te woon.

Afgesien van die welslae wat sy sekulêre werksaamhede meegebring het, het Read oënskynlik oor 'n natuurlike aanleg beskik om met mense te werk. 'n Sendeling se persoonlikheid is deurslaggewend in 'n stam se aanvaarding of verwerping van sendelinge en die Christelike boodskap.[76] 'n Mens kry die indruk dat Read buitengewoon verdraagsaam en simpatiek teenoor die Tlhaping was. Hoewel hy van hulle verwag het om hul "harte te verander",[77] het hy nie daarop aangedring dat die Tlhaping hul leefwyse moes wysig nie. In sy briewe en dagboeke het hy ook nie gebruike soos die inlywingseremonies en poligamie veroordeel nie. Boonop het hy gesorg dat hy nie die opperhoof se funksies probeer oorneem nie en dat hy hom oor al die belangrike sake raadpleeg. In hierdie opsig het sy houding en optrede ingrypend van dié van sy bekende opvolger, Moffat, verskil. Moffat het sy sendingwerk onder die Tlhaping met 'n oordrewe meerderwaardigheidsgevoel, groot vooroordeel en onverdraagsaamheid aangepak. Volgens hom het die Tlhaping oor geen goeie hoedanighede beskik nie, en sy geskrifte bevat lang veroordelings van die stam se gebruike en leefwyse. Vir Moffat het kerstening ook onmiddellike verwestering beteken. Dit was grootliks hierdie houding wat daartoe gelei het dat die Tlhaping uiteindelik van Moffat weggetrek het.[78]

Tog was Read 'n sendeling wat in die eerste plek in die verkondiging en verspreiding van die Christelike godsdiens en uiteindelik in bekering geïnteresseerd was. Die rede waarom hy verdraagsaam teenoor die Tlhaping se gebruike en leefwyse was, was om hul vertroue te wen, sodat hy 'n vastrapplek kon kry om die evangelie te verkondig. In 'n sekere sin het Read die Tlhaping se behoefte aan Westerse kundigheid en tegnologie uitgebuit om toegang tot die stam te verkry. Hy het die situasie goed opgesom en sy steun en geskenke aan die invloedrykste Tlhaping-leiers toegesê. Sodoende het hy en die ander sendelinge nie slegs 'n mag in die faksiepolitiek geword nie, maar ook tot stamverdeeldheid bygedra. Ofskoon Read nie doelbewus Mothibi se gesag ondermyn het nie, het sy teenwoordigheid tog tot die opperhoof se krimpende invloed bygedra. Mothibi het toenemend van Read afhanklik geword, in so 'n mate dat baie van sy volgelinge sy gesag afgeskud en van die stam weggebreek het. Mothibi het byvoorbeeld in Junie 1820 by Campbell gekla dat hy nie oor genoeg gesag beskik het om die stam bymekaar te hou nie: "He said his father was a man who actively punished what was wrong, and kept the people together; but his overlooking things had led people to separate from him, and this might go on till all had left him, one after another . . ."[79] Mothibi se ontoereikende leierskap, aanhoudende droogtes en toenemende aanraking met Westerse lewensmiddele was ongetwyfeld belangrike redes vir die opperhoof se tanende invloed, maar Read het ook 'n deurslaggewende aandeel daaraan gehad.

Vanuit die sendelinge en die LSG se gesigspunt het die Read-geselskap baie met hul sendingpoging bereik. Ten tye van die eerste sendingpoging het Molehabangwe die pioniersendelinge op 'n afstand gehou. Read het hom nie slegs tussen die Tlhaping gaan vestig nie, maar het die opperhoof selfs oorreed om hom na die Kurumanrivier te volg. Daarby is hy nie net toegelaat om 'n kerk te bou nie, maar was die Tlhaping selfs bereid om enkele Christelike gebruike by tradisionele instellings te integreer. Teen die einde van Read se werksaamhede was daar egter slegs één bekeerling: 'n blinde meisie.[80] In haar ellende het die sendelinge hierdie

76. Kyk in hierdie verband I. Schapera, "Christianity and the Tswana", *The Journal of the Royal Anthropological Institute*, Part I, vol 88, Jan-June 1958, p. 6.
77. LMS SA Incoming Correspondence 8/2/B: Read, A Short Account, 12.7.1820.
78. Du Bruyn, "Die Aanvangsjare van die Christelike Sending onder die Tlhaping", hoofstuk V.
79. H. Campbell, *Travels in South Africa*, vol II, p. 57.
80. LMS SA Journals 3/75: Hamilton, 16.1.1820; LMS SA Incoming Correspondence 8/2/A: Hamilton – Burder, 1.3.1820; John Melvill – Friend in London, 24.7.1821.

uitgeworpene 'n veilige heenkome gebied; gevolglik kan daar nie te veel waarde aan haar bekering geheg word nie. Algemeen gesproke het Read dus nie veel bereik nie: die Tlhaping het geensins die Christelike godsdiens aanvaar nie. Maar in vergelyking met Jan Kok en William Edwards se vroeë werksaamhede en Robert Moffat se terugslae het die Read-geselskap se sendingwerk tog welslae behaal. Sy verblyf was kortstondig, maar die Tlhaping het Read lank na 1820 nog onthou.[81]

81. Kyk in hierdie verband byvoorbeeld LMS SA Incoming Correspondence 15/1/D: P. Wright – W. Ellis, 10.9.1836.